**Dinsdag 25 Oktober**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 28**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 28:47, 48 (1983-vertaling)**

## Oudiovisuele geloofslesse op twee berge

Die boek Deuteronomium beskryf hoe Moses die twee kliptafels met die tien gebooie by Horeb ontvang het. Min mense onder die gewone bevolkings van destyds kon egter lees of skryf. Die gesproke woord en sigbare tekens was dus ’n belangrike manier van kommunikeer.

Dis wat op die twee berge Ebal en Gerisim gebeur. Ses stamme moes op Gerisimberg gaan staan en God se seën aankondig. Die ander ses stamme moes weer vanaf Ebalberg die straf van die Here oor sondes uitspreek (Deut. 27). Inderdaad indrukwekkende onderrig uit die wet van God!

Ons teksvers sê eers dat ons die Here se gebooie aan ons kinders moet leer. Deur die eeue is dit ’n opdrag waarsonder geen blywende toewyding aan God moontlik is nie. Daar is seën daarin om jou kinders te leer om die Here opreg te dien. Die volgende vers wys egter op ’n gevaar wat nie net destyds gedreig het nie, maar vandag amper nog meer. Jesus sê Self ’n ryk mens kom moeilik in die koninkryk van die hemel (Matt. 19:23).

Ons fokusverse waarsku dat vreugde en blydskap uit ons godsdiens kan verdwyn as ons baie besit. Hoe dikwels sien ons dit nie vandag nie! Mense draai die rug op God, hulle dink soos die ryk man in die gelykenis dat hulle genoeg weggesit het en sonder God kan lewe. So iemand se godsdiens verdwyn of raak oppervlakkig.

God se gebooie is vir ons en ons kinders bedoel – miskien veral vir ons wat dikwels genoeg of selfs te veel besit: Leef jy soos ’n dankbare bedelaar voor God, al het jy baie? Maak jy erns met Jesus se opdrag om jou eers vir die koninkryk van God te beywer?

Jesus het sy lewe aan jou verlossing gewy. Is hierdie wete steeds die belangrikste rigsnoer vir jou en jou kinders se lewe?

*Sing: Psalm 19:3 (2001)*

*Ds. KA (Anton) Jansen van Rensburg (Emeritus)*